

SONDAGOGGEND 10 OKTOBER 2021

Paulus – Wie is U Here?

Jesus het tydens Sy aardse lewe met baie mense gepraat en dit het so baie mense se lewens verander. Maar die een persoon met wie Jesus nie so ver ons weet nie, tydens Sy aardse lewe gepraat het nie, was Paulus. Sy gesprek met Paulus vind vanuit die hemel uit plaas, en dit is so groot impak gehad op Paulus dat hy naas Jesus die man gewees het wat die grootste impak op die Christelike lewe en kerk gehad het. Hy het duisende kilometers met die voet geloop, en oral oor Europa en Turkye veral 'n impak gemaak, en kerke geplant. Hy het 13 van die 27 boeke van die Nuwe Testament geskryf, moontlik 14, daar is nie sekerheid of hy die boek van Hebreërs ook geskryf het nie. Sy werk word ook deeglik deur Lukas in Handelingte beskryf. Nou kom lees sy storie.

Handelingte 9:1-6

Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het na die hoëpriester toe gegaan 2 en van hom bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus gevra. Sy doel was om al die aanhangers van die leer van die Here wat hy daar kry, mans sowel as vrouens, gevange te neem en na Jerusalem toe te bring. 3 Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal. 4 Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" 5 "Wie is U, Here?" vra hy toe. "Ek is Jesus," antwoord Hy. "Dit is vir My wat jy vervolg. 6 Maar staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen."

Ons later meer oor die storie lees. Maar wat ons moet eers verstaan wie was Saulus/Paulus? Sommer net iets oor die naam. Die Bybel sê in Handelingte 13:9 die volgende:

Handelingte 13:9

Maar Saulus, dit is Paulus, vol van die Heilige Gees, het hom skerp aangekyk.

Almal wat daardie tyd geleef het sou dit verstaan het. Saulus is sy Hebreëuse naam, en beteken:

asked for, prayed for

Die eerste koning van Israel was mos Saul. Paul of Paulus is 'n Griekse naam en dit beteken: **small**

Dis moontlik dat Paulus nie met 'n Hebreuse naam onder die Griekse en Romeine wou werk nie, of dit was sy bynaam. Buite Bybelse bronne sê dat Paulus was kort, rooierige gesig en bles, met rooi hare.

Wie was Paulus?

Hy was 'n Romeinse burger wat as 'n Jood in Tarsus, vandag aan die suide van Turkye gebore was.

Handelinge 22:3

Ek is 'n Jood wat in Tarsus in Silisië gebore is, maar ek het hier in Jerusalem grootgeword. As leerling van Gamaliël is ek volgens die streng opvatting van die wet van die voorvaders opgevoed, en ek was net so 'n kampvegter vir God soos julle almal vandag is.

Die stad Tarsus bestaan vandag nog steeds, en het vandag 'n bevolking van byna 350 000 mense. Ek het die voorreg gehad om 'n hele paar keer deur stad te ry, dis maar 'n vuil stad.

So wat ons hoor dat alhoewel hy in Tarsus gebore is, wat hom Romeinse burgerskap gegee het, het hy in Jerusalem groot geword. Gamaliël was die ou by wie jy graag jou kind sal wil laat leer van die wette van God. Hy was 'n senior amptenaar van die Sanhedrin, en was dalk die leier.

Hoor wat skryf hulle oor Gamaliël.

“Since Rabban Gamaliel the Elder died, there has been no more reverence for the law, and purity and piety died out at the same time”

Hoor wat skryf Paulus oor homself.

Filippense 3:4–6

Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: 5 ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte

Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, 6 in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.

So as jy na Paulus se CV moet kyk is dit indrukwekkend vir 'n jong Joodse man. Die “bottom-line” is dat Paulus het die nuwe rigting wat die Joodse gelowiges gekies het, wat die “weg” genoem is, gehaat. Gelowiges is eers na Paulus se bekering Christene genoem, voor dit was hulle bekend as mense van die weg, want Jesus het gesê dat Hy is die weg en die waarheid en die lewe.

Paulus het alles in sy vermoë gedoen om hierdie nuwe beweging te stop voordat dit soos Covid-19, die hele wêreld ingaan. Hy het die Christene wreed vervolg.

Paulus vervolger van Christene

Handelinge 9:1a

Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig.

Hy was soos 'n mal mens oor die mense van die weg. Die Engels sê: “*He was breathing out murderous threats.*” Soos 'n vasgekeerde bul, blaas hy dood oor die Christene.

Paulus was teenwoordig toe Stefanus, die eerste martelaar vir Christus met klippe dood gegooi is. Na Stefanus se dood lees ons dat daar groot vervolging gekom het en dat baie Christene na ander dorpe en lande gevlug het. Prys die Here, want toe vat hulle die evangelie die wêreld ingevat.

Hoor wat skryf Lukas oor Paulus.

Handelinge 8:3

Saulus het die kerk probeer uitroei. Hy het van huis tot huis gegaan, mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit.

Dit was nie vir Paulus genoeg nie. Hy was so fanaties, onder die invloed van Gamaliël en nog baie jonk toe hy Christene so vervolg het.

Handelinge 7:58

Die getuies het hulle klere neergesit by 'n jongman met die naam Saulus.

Ons is nie seker hoe lank na Stefanus se dood het Paulus na Damaskus toe gegaan nie, maar nie langer as 3 jaar later nie, eerder vroeër. Ek dink hy het agter gekom dat jy nie die mense kan stilmaak nie. Daarom gaan hy na die “eerste minister” van die Joodse gelowiges, die hoëpriester toe, en vra aanbevelingsbriewe om selfs die Christene in ander wêreld dele te gaan vervolg.

Handelinge 9:2

Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het na die hoëpriester toe gegaan 2 en van hom bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus gevra. Sy doel was om al die aanhangers van die leer van die Here wat hy daar kry, mans sowel as vrouens, gevange te neem en na Jerusalem toe te bring.

Damaskus is steeds die hoofstad van Sirië, en so 220km noord van Jerusalem.

Dit sou hom seker tussen 10-12 dae gevat het om daar te kom. In die stad was daar 'n groot gevestigde Joodse gemeenskap, en daar was vele sinagoges. Dis na hulle wat Saulus op pad is en hy het net doel. Vang hulle bring hulle voor die hof en as hulle doodgemaak kan word nog beter.

Hoor wat sê Paulus oor homself, toe hy na sy bekering dit volk wat in opstand gekom het, toespreek.

Handelinge 22:4-5

Ek wou die mense wat die leer van Christus volg, totaal uitroei. Mans sowel as vrouens het ek gevange geneem en in tronke laat stop. 5 Dit kan die hoëpriester en die hele Joodse Raad bevestig. Van hulle het ek selfs bekendstellingsbriewe aan die Joodse broers in Damaskus gekry om ook daar hierdie mense in hegtenis te gaan neem en Jerusalem toe te bring om gestraf te word.

En toe hy later voor koning Agrippa en sy vrou verskyn in Sesarea waar hy toe al vir jare sonder verhoor aangehou is, getuig, hoor wat sê hy van homself.

Handelinge 26:9-11

Ek het self gedink dat ek alles in my vermoë moes doen teen die Naam van Jesus van Nasaret. 10 Dit het ek toe ook in Jerusalem gedoen. Met die magtiging van die priesterhoofde het ek baie van die gelowiges in tronke gestop, en as hulle die doodstraf opgelê word, het ek daarmee saamgestem. 11 Dikwels het ek hulle in al die sinagoges laat straf om hulle te dwing om hulle geloof af te sweer. Ek het hulle so gehaat dat ek hulle selfs in die buitelandse stede vervolg het.

Gedryf deur sy haat vir Christene en daarom Christus self, is hy daarom op pad Damaskus toe. En dit is hier êrens in Sirië wat een van die grootste wonderwerke wat Jesus nog kom doen het plaasvind.

Handelinge 9:3-5

Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal. 4 Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" 5 "Wie is U, Here?" vra hy toe. "Ek is Jesus," antwoord Hy. "Dit is vir My wat jy vervolg.

Ongelooflike ontmoeting en 'n kort gesprek verander die verloop van die geskiedenis en vestig die Christendom vir eens en vir altyd. Want naby aan die stad, ontmoet Paulus, die fanatiese, vervolger van Christus en Sy kerk, die opgestane, verheerlikte Jesus.

En Paulus vra 'n vraag wat elkeen een of ander tyd vir homself of haarself moet vra.

Wie is U Here?

Ons weet nie of Paulus toe Jesus nog geleef het veel van Jesus geweet het nie, en of hy hom gesien het nie, maar in hierdie lig, wat helderder as die son was sien Paulus die opgestane Jesus soos Hy werklik is en dit gooi hom teen die grond. En van groot meneer, vol bravade, word hy gestroop van al sy ego, en eie-ek en eie wil en verander sy lewe radikaal.

Vir Paulus was dit duidelik dat sy ou lewe oor is, want toe antwoord Jesus.

Ek is Jesus," antwoord Hy. "Dit is vir My wat jy vervolg.

Die verhaal van Paulus se ontmoeting met Jesus word drie keer in Handelingte vertel. Hier soos Lukas dit vertel en dan twee keer later toe Paulus dit oorvertel het. Dit gee ons so bietjie meer inligting oor wat hier gebeur het.

Hoor hoe beskryf Paulus self later hierdie ontmoeting met Jesus.

Handelingte 22:6

Terwyl ek op reis was en naby Damaskus gekom het, het daar teen die middag skielik 'n sterk lig uit die hemel op my gestraal. 7 Ek het op die grond neergeval en 'n stem vir my hoor sê: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?' 8 'Wie is U, Here?' het ek gevra. 'Ek is Jesus van Nasaret,' het Hy my geantwoord. 'Dit is vir My wat jy vervolg.' 9 "Die mense wat saam met my was, het wel die lig gesien, maar nie die stem verstaan van Hom wat met my gepraat het nie. 10 Toe vra ek: 'Wat moet ek doen, Here?' Die Here sê toe vir my: 'Staan op en gaan na Damaskus toe. Daar sal alles vir jou gesê word wat God bepaal het dat jy moet doen.'

En gehoorsaam aan sy nuwe Here, gaan hy saam met die mense om hom Damaskus toe en gaan hulle tuis by 'n man met die naam Judas, wat in Reguit straat, gewoon het.

Handelingte 9:9-12

Drie dae lank kon hy nie sien nie en het hy niks geëet of gedrink nie. 10 In Damaskus was daar 'n sekere volgeling van Jesus met die Naam Ananias. Die Here het hom in 'n gesig geroep: "Ananias!" "Hier is ek, Here," het hy geantwoord. 11 En die Here sê vir hom: "Gaan dadelik na Reguitstraat toe en vra by Judas se huis na 'n man van Tarsus met die naam Saulus. Hy is besig om te bid 12 en hy het in 'n gesig 'n man met die naam Ananias sien inkom wat hom die hande oplê sodat hy weer kan sien."

Nou Reguitstraat bestaan vandag nog, so êrens hier langs hierdie straat het Paulus sy eerste paar dae as gelowige deurgebring.

Vir 3 dae was hy blind en kom hy nie eet nie. Sy hele eetlus weggeskrik. Maar hoor die wonder van God. Ananias, was dalk die leier van die Christene in Damaskus. Jesus verskyn ook aan hom deur 'n visioen en stuur hom na Paulus toe. En hoor wat staan hier, wat was Paulus besig om te doen.

Hy is besig om te bid

Dis die eerste ding wat iemand doen wat 'n gelowige word. Bid. Toe ons in Turkye gebly het, het een van die Turkse gelowiges 'n huis besoek en daar met die gesin die evangelie gedeel. Hulle kind was siek en nadat hy vir die kind gebid het, het die kind beter geword. Daai aand het daardie hele huis Christene geword. Yilmaz vertel dat toe hy die volgende oggend opstaan, kry hy die man van die huis voor op sy knieë voor die koffietafel aan die slaap. Toe hy vra hoekom die man daar slaap, het hy gesê dat toe hulle almal gaan slaap het, het hy voor die koffietafel op sy knieë gaan staan en hierdie nuwe God van hom aanbid totdat hy aan die slaap geword het. Hy sê toe die man daar wakker word, was hy so vol van die Heilige Gees dat hy die strate in gehardloop het, en 'n Moslem land uitgeroep het, "*ek het 'n Christen geword.*"

Nou vertel Paulus verder self wat met hom daar in Judas se huis gebeur het.

Handelinge 22:12-16

'n Sekere Ananias, 'n man wat getrou volgens die wet van Moses gelewe het en by al die Jode in die stad hoog aangeskrewe was, 13 het na my toe gekom. Hy het by my kom staan en gesê: "Saul, broer, jy kan weer sien!" En dadelik kon ek hom sien. 14 Toe sê hy: 'Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te ken, die Regverdige te sien en sy stem te hoor, 15 want jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en gehoor het. 16 En nou, waarom nog wag? Kom, laat jou doop en jou sondes afwas nadat jy sy Naam aangeroop het.'

Een sin en vir wêreld se geskiedenis verander.

Wat hoor ek vir jou en my?

My en jou ontmoeting met Jesus was dalk nie so radikaal nie. Dalk is jy 'n gelowige van 'n klein seuntjie of dogtertjie af. Of miskien het jy eers later onder die besef gekom dat Jesus jou Here is. Of dalk het jy 'n radikale omkeer of bekering gehad. Ek het die Here geken, maar het op 29 jaar 'n verdieping beleef, wat vir my Christus vir die eerste keer 'n werklikheid gemaak het, iemand met wie ek 'n verhouding kan hê. Dit maak nie saak hoe jy Jesus leer

ken het nie, maar dit maak saak wat jy daarna doen en gedoen het, met die feit dat jy Jesus ken en dien.

Daarom is dit nodig dat jy seker moet wees wie Jesus regtig is. Jy moet oorgaan van “religion na relationship.”

'n Getransformeerde Christen

- **Ken Jesus**

Paulus het geweet van Jesus. Dis juis waarom hy op die pad na Damaskus toe is. Hy het juis die mense van die “weg,” wat sê Jesus is die enigste weg na die Vader toe gehaat. Hy moes geweet het dat die Christene sê dat niemand kan gered word van oordeel en die dood nie, behalwe deur Christus. Dis tog wat Petrus en Johannes gesê het toe hulle gearrester was.

Handelinge 4:12

Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.

Hy het daar gestaan toe Stefanus net voor hy dood is gesê het dat hy die opgestane Jesus sien staan aan die regterhand van God. En toe hyself die opgestane Here leer ken het, maak hy oor en oor die belydenis, Jesus is die Here, die Redder. Gaan lees maar net sy briewe. Ek en jy het nie nodig om Jesus op so 'n manier te ontmoet soos Paulus ontmoet het nie. Ons het soveel meer. Ons het die opgetekende geskiedenis van Jesus op aarde, en al die wonders wat daar plaasgevind het. En dan Handelinge wat vertel van Petrus en Johannes en die dissipels se transformasie. En van Paulus se bekering en hoe die kerk daarna ontplof het. En die briewe en Openbaring. Ons sien die prentjie al wat ons moet doen ons moet oorgaan van kennis aangaande God en Jesus na “ek ken God persoonlik en intiem.”

So op die vraag wie is U Jesus? Moet elkeen eerlik antwoord. Is Hy Here, die een in beheer van jou lewe. Of is dit sonde, die duiwel en die wêreld? Paulus skryf self hoe lyk iemand wat Christus ken.

2 Korintiërs 5:17

Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

Totale volkome transformasie kan net deur Jesus gedoen word.

- Die een wat dood in sonde was, word nou dood vir sonde.
- Die een wat sy of haar eie waarheid volg, volg nou die Bybelse waarheid.
- Die een wat onsensitief was teenoor mense, kry nou 'n deernis vir mense.
- Die een wat boos dae gedoen het, doen nou graag die goeie.
- Die rebel (soos ek was), word nou God se vriend.

Die tweede bewys van 'n getransformeerde Christen is

- **Gehoorsaam aan Jesus**

Ananias en Paulus sê: *"Hier is ek Here."*

As jy sê jy het 'n ontmoeting met Jesus gehad, is dit nodig dat jy sal toelaat dat God deur Sy Heilige Gees en Sy Woord, al die swak manier van 'n ongelowige laat afleer en al die goeie maniere van Jesus laat aanleer. En dit op sigself is 'n lewenslange proses. En ek sê weer ons is soveel beter posisie as Paulus en Ananias en self die dissipels, want ons het die Woord en die Gees.

'n Derde aspek wat belangrik behoort te wees in die lewe van iemand wat deur God getransformeer is, is gebed.

- **Bid**

Net na Paulus se bekering is dit waar ons hom aantref. Daardie drie dae wat hy niks geëet het en nie kon sien nie, het hy geestelik gesien en Jesus leer ken en dit deur gebed.

Wat is die eerste ding wat 'n babatjie nodig het as hy of sy gebore het. Suurstof. En hoe kry hy of sy dit? Deur asem te haal. Jy leer nie eers op 'n latere stadium asemhaling vir jou kind nie. Hy of sy het dit nog nooit voorheen gedoen nie, maar daardie oomblik as hulle gebore het, haal hulle asem. Gebed is die asemhaling van elke getransformeerde kind van God.

Ja ons het 'n gebedskool, maar as jy Jesus ken en gehoorsaam is, sal gebed vir jou raak soos suurstof vir 'n babatjie. Daar is nie 'n regte of verkeerde manier om met God te praat nie. Maak net jou mond oop en praat en jou lewe sal verander.

Daarom glo ek dat gebed is gemeenskap/communion met God. Ek sit in Orlando, Florida, VSA by 'n groot kerkvergadering, net toe ons op pad was Turkye toe. In die stad waar ons gaan woon het, was daar vir eeue lank voor dit baie kerk en Christene, nou was in 'n stad van meer as 400 000 net 3 waarvan ons geweet het. En terwyl ek daar is nooi iemand ons uit na die nagmaal, "communion," in Engels. My gedagtes dwaal en op daardie oomblik, bid ek en sê vir die Here: "wat wil U hê ek moet in Turkye gaan maak." En op daardie oomblik het ek 'n ontmoeting met God, nie 'n visioen, maar 'n stem hier in my hart, wat ek oor die jare leer ken het as God se stem. En Hy sê: "I want you to go to have communion with Me. For centuries people had communion with Me, but now, there is none."

Miskien sê God ook vandag vir jou en my: "*Ek wil graag daaglik "communion" gemeenskap/ontmoeting met jou hê, maar daar is niemand nie.*" 'n Getransformeerde kind van God, soek en dors na God se teenwoordigheid.

Die gedeelte wat my lewe getransformeer het, en wat my oortuig het om voltyds vir God te gaan werk word mooi deur Paulus beskryf.

Filippense 3:7-9

Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry 9en een met Hom kan wees:

Ontwikkel daardie soeke na meer. As jy eers geproe het wat dit is om God te beleef, dan raak al die ander goed waarvoor 'n mens lewe en bereid is om voor te sterwe, waardeloos. Want sê Paulus en het ekself beleef, "*om Christus my Here te ken oortref alles in waarde.*" Daarom sal ek alles prysgee om Hom beter en nader en intiemer te ken.

Laastens 'n getransformeerde kind van God, wil graag vertel van sy of haar verhouding en ontmoeting met Jesus. Maak nie saak of jy Christelik groot geword het of 'n radikale ontmoeting met Jesus gehad het nie.

- **Vertel van Jesus**

Paulus self staan voor die koning wat hom verhoor en hy huiwer nie om te vertel van sy ontmoeting met Jesus.

Handelinge 26:16b-20

Ek het aan jou verskyn om jou as my dienaar aan te stel. Jy moet getuie wees van wat jy van My gesien het en van wat Ek jou nog sal laat sien. 17 Ek sal jou beskerm teen die volk Israel en teen die heidennasies na wie toe Ek jou stuur. 18 Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God.’ 19 “Van toe af, koning Agrippa, was ek nie aan die gesig uit die hemel ongehoorsaam nie. 20 Ek het eers vir die mense in Damaskus en in Jerusalem en toe deur die hele Judea en daarna vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God moet bekeer; en dit moet hulle bewys met dade wat by die bekering pas.

Goddank vir die bekering van Paulus. Wat wie weet dalk het hy persoonlik die evangelie van Jesus aan jou en my oervoorouers vertel? Of dalk het hulle toe bekering gekom, as gevolg van iemand wat dit by Paulus gehoor het en toe aan hulle oorvertel het. Nietemin, danksy daardie gesprek met Paulus het in plaas van dat hy die Christene en die gang van die Christendom wou stop het, nou momentum daaraan gegee en is dit die hele wêreld in.

Wie sit in wag hier en nou of in die toekoms dalk vir my en jou getuienis aangaande ons verhouding met Jesus. Ek is hier as gevolg van een persoon se getuienis. Hy is al dood, maar deur Jesus se getuienis deur hom het die Heilige Gees my lewe getransformeer en daar is weer mense wat wag vir jou en my om dit verder te dra.

’n Getransformeerde lewe begin met geloof in Jesus jou verlosser en dit loop daarop uit dat jy Jesus beter wil leer ken en gehoorsaam is aan Sy Woord en Gees. Dit bring ons in gemeenskap met Hom, en lei daartoe dat ons diensbaar vir God en Sy Koninkryk raak.

Hoe lyk ’n getransformeerde kind van God. Paulus skryf aan die gemeente in Galasië die volgende:

Galasiërs 2:20

Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.